Howard du Toit & Paul Kruger (reds)
*Geroep tot eenheid. Gesprekke ter wille van die heling van die breuk tussen die GKSA en NGK.* Halfway House: NG Kerkboekhandel
1988 & 1990: 187 bladsye
Prys: Onbekend

Nege Gereformeerde en agt Nederduitse Gereformeerde teoloë lewer bydraes in hierdie bundel. Volgens die twee redakteurs is dit die doel van die boek om verkennend en stimulerend in te werk op die verhouding tussen die GKSA en die NGK. Daarom gaan die publikasie gepaard met 'n oproep tot "'n wyer en intenser besining, gebed en aksie - onder andere deur lidmate van die kerke" betrokke (p 4).

Die uitleg van die boek dek 'n wye en ter sake - in die lig van die tema - veld. Dit skop af met 'n prikkelende en vars geskryfde inleiding deur die twee redakteurs. Hierin raak hulle die vernaamste kwessies kortliks aan en word die inhoud van die werk verantwoord. Dan volg 'n dogmatiese en dogma-historiese beligting van die verhouding tussen die twee "kerkgemeenskappe" (die redaksie neem hierdie "Dopperterm" ook vir sy rekening, pp 2,3); 'n besinning oor sake wat tans in die Diakoniologiese vakke soos deur teoloë van die twee gemeenskappe bedryf, in die fokus staan en hoe dit eenheid tussen die twee kerkverbande kan bevorder; 'n soeke na gemeenskaplikhede ten opsigte van die kerk se taak in die Suid-Afrika van vandag; 'n evaluering van die rol van die Tussenkerklike Kommissie ten opsigte van punte van ooreenstemming en verskil - alles nog soos tussen die GKSA en NGK; 'n poging om die kerkregtelike grense vir beide vas te stel; nogeens die geskiedenis van die ontstaan (Spoelstra praat liewer van "begin", p 143) van die GKSA in 1859; en twee vooruitskouings wat konsentreer op die spreekwoordelike pad vorentoe.

Alhoewel al die bydraes nie van dieselfde gehalte is nie, slaag die boek myns insiens in sy doel. Hoogtepunte ten opsgite van begronding, toepassng en stimulering is die van JH van Wyk met sy "Geroep tot eenheid"; WD Jonker met sy "Verdeeldheid onder broers"; en die ervare ou vader, prof PJ Coetzee met sy "Waarheen met die verhouding...?" Teleurstellend is B Spoelstra wat nogeens nie verder as 'n kenmerkende apologie vir die "begin" van die GKSA in 1859 kom nie (B Duvenhage praat selfs van die "herstel" van die Gereformeerde Kerke in 1859); P Coertzen se "situasielose" besinning oor "kerkordelike" grense (hier is opklaring ten opsigte van sake soos kerkreg en kerkorde nodig); en N

Smit se veralgemenende opmerkings oor byvoorbeeld sinodes as permanente liggame en "kerkleiers" wat namens die kerk praat - as hy die regering van die kerk in die NGK onder die loep neem. In terme van die doel van die boek stimuleer hierdie soort bydrae nie.

Interessant genoeg openbaar die boek - naas die verwagte verskille tussen persone uit verskillende kerke - duidelike verskille onder persone van die GKSA en die NGK onderling. Juis dit, en die feit dat die onderskeie sinodes hulle nie altyd volledig oor alle sake wat hier ter sprake kom, uitgespreek het nie, maak veralgemenende opmerkings of die beoordeling van standpunte van verteenwoordigers as die van die onderskeie kerkgemeenskappe, nie houdbaar nie. Selfs oor die kerklike gewig wat die aangeduide verskille moet dra, verskil persone uit dieselfde kerkgemeenskap - met daarby soms 'n stylvolle beroep op Calvyn.

Daar is genoeg in die boek om die lees daarvan deur alle lidmate van die GKSA en die NGK (die teikengroep, p4) - dit kan hier en daar lol by die verstaan daarvan! - die moeite werd te maak. Die oorheersende indruk wat die werk laat, klop met die standpunte van sinodes in beide kerkgemeenskappe dat die huidige stand van eenheid tussen die GKSA en die NGK nie voldoende is nie. Daar is werk - so lui die boodskap - veral vir die gemeentes.

PJS

## Van der Walt, B.J. (red.) 1993. *Window on bussiness ethics. A challenge to Christians*. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.

Die publikasie bestaan uit referate wat tydens 'n konferensie op 28 Februarie 1990 in die Carlton Hotel, Johannesburg gelewer is. Die konferensie is deur die Instituut vir Reformatoriese Studies gereël.

Die voordragte is meestal vanuit 'n suiwer-ekonomiese gesigsy benader en vertoon, behalwe vir enkele uitsonderings, nie veel van 'n *teologies*-etiese perspektief op die onderwerp nie. Interressante temas kom wel aan die orde. Sosialisme en kapitalisme word byvoorbeeld teenoor mekaar opgeweeg. Tereg bevind die betrokke referent dat die Skrif nie 'n handleiding vir die ekonomie bied nie en dat antwoorde in genoemde verband nie lynreg uit die Skrif afgelei kan word nie. Die paar Skrifbeginsels wat hy wel formuleer (bl 20-21), is relevant maar hoegenaamd nie volledig nie. Die beginsels word ongelukkig ook nie genoegsaam ten opsigte van die problematiek gepositiveer nie.

Nog 'n referent besin oor besigheidsetiek binne die konteks van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid. Daar word in hierdie voordrag grootliks by Kohlberg se paradigma oor morele vorming aansluiting gevind (bl 50-57), terwyl die Skrif hoegenaamd nie figureer nie. Sodoende word die etiese vorming meer aan sosiale en mensgesentreerde faktore oorgelaat. Teologiese insette (God as heilige Wetgewer, sy Woord as normering vir ons hele lewe, die koninkryksperspektief wat die skopus vir alle Christelike etiek is en die naasteliefde) is in die vertrekpunt en verwysingsraamwerk van hierdie voordrag totaal afwesig.

Teen hierdie agtergrond kom Goudzavaard se voordrag (bl 102v) as 'n teologiese oase. Vir hom is die ekonomiese gesigsy van die lewe 'n Christelike belydenis van die eskatologiese promisiologie, gefundeer in die skeppingsbeginsel. Hy waarsku teen die verheerliking van moderne afgode (soos materialisme en/of ekonomiese beginsels) en beskou die roeping om diensknegte ("stewards") vir God te wees as die vertrekpunt van die ekonomiese beginsels in die koninkryksperspektief. Arbeid en verantwoordelike eiendombesit word ook pragtig en korrek aan die orde gestel en met sy gevolgtrekkings kan 'n mens jou heelhartig vereenselwig.

Van der Walt se artikel oor die New Age Movement (NAM) is in sommige opsigte informatief maar nie omvattend genoeg nie. Die verband van die NAM met die besigheidsetiek word ook nie duidelik genoeg

aangetoon nie. Sy waarskuwing teen 'n simplistiese kritiek teen die NAM is weliswaar *ad rem*, maar sy antroposentriese vertrekpung (die mens se onvoorwaardelike diens aan God) is teologies-dogmaties nie stewig genoeg om die kernproblematiek van die NAM aan te spreek nie. Hierdie wêreldwye beweging wil juis 'n ander Christus in die plek van Jesus Christus stel. God se antwoord (oók vir die ekonomiese gesigsy van die koninkryk) is egter juis sy onvoorwaardelike liefde wat 'n appél op ons hele lewe maak. Onvoorwaardelike oorgawe aan God kan dus hoogstens die respons op God se aksie, die imperatief van God se indikatief wees. Die reformatoriese *solusse* mag nooit vir menslike diens plek maak nie!

Die punte van kritiek impliseer egter hoegenaamd nie dat die publikasie onbruikbaar is nie. Trouens, daar is 'n ryke skat van inligting op ekonomiese vlak wat teologies-eties is 'n Christelike besigheidsetiek verdiskonteer meot word. As sodanig bied die publikasie 'n belangrike basis vir verdere navorsing. Die boek word dus met vrymoedigheid aanbeveel.

JJvR

## Van Wyk, JH 1993. *Homo Dei. 'n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder die van Calvyn.* Potchefstroom: Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte.

Van Wyk lewer in hierdie bydrae teologiese kommentaar op mensbeskouings wat nog nie die nodige aandag in die antropologiese besinnings ontvang het nie. Dit in ag genome, blyk die samestelling tog problematies te wees. Daar is geen opsigtelike samehang of sistematiek in die keuse van die piëtistiese, apartheids-, rewolusionêre en Afrika-mensbeskouings en die hoofaksent op Calvyn se antropologie nie. Die keuse kan byvoorbeeld nie vanuit 'n sosiaal-etiese motivering geregverdig word nie, omdat Calvyn en die Piëtisme nie hieronder gekategoriseer kan word nie. Ons moet dus aanvaar dat die keuse vir die samestelling nie deur 'n eenheidsmotief gedra word nie.

Die lukraak-samestelling van mensbeskouings ten spyt, die besinning oor Calvyn se antropologie behoort beslis verwelkom te word. Van Wyk slaag daarin om die tendensieuse beskuldiging van Platonisme in Calvyn se antropologie in perspektief te stel. Calvyn, so toon Van Wyk aan, het naamlik op minstens vyf belangrike punte van die antropologie van Plato afgewyk. Tog kan 'n mens nie aan die indruk van 'n dualiteit in die verhouding siel/liggaam by Calvyn ontkom nie (bl 28-29). Ook die bipolariteit in denke ten opsigte van die beeld van God na die sondeval (*corruptio totalis* en tog *imago Dei*) word verhelderend aan die orde gestel. Argumente teen die beginsel van menseregte wat op Calvyn gebou is, het inderdaad geen geldigheid nie!

Ongelukkig is die opstel oor Calvyn nie sonder probleme nie. Ten opsigte van die verhouding kreasionisme/evolusionisme verduidelik Van Wyk dat ewolusionisme eintlik 'n na-Calvynse denkstroming is waaroor Calvyn hom dus nie kon uitspreek nie. Tog gaan hy dan voort om 'n kort bespreking en eie evaluering van ewolusionisme te gee. Dit is dan nie duidelik waarom hierdie bespreking, wat wesenlik niks met Calvyn se antropologie te doen het nie, hier ingevoeg is.

Ook die ander mensbeskouings word op 'n onderhoudende en lesersvriendelike wyse aan die orde gestel. Sowel die piëtistiese as die apartheidsbeskouing het belangrike kontekstuele waarde, eersgenoemde teen die agtergrond van 'n noemenswaardige charismatiese oplewing in ons land en laasgenoemde vanweë die persoonlike korrektiewe wat Van Wyk teenoor die apartheidsmodel stel (bl 58-59). By die behandeling van die

rewolusionêre mensbeskouing stuit 'n mens ongelukkig weer voor die keuses wat deur die skrywer gemaak is. Waarom sou Van Wyk tog besluit het om met Canaan Banana se mensbeskouing te begin terwyl aan te veel belangriker insette van 'n Feuerbach, Marx, Bloch en Moltmann (om maar enkele protagoniste van 'n rewolusionêre antropologie *buite die kader van die Suid-Amerikaanse bevrydingsteologie* te noem) verby gegaan word? Nogtans het die evaluering van die rewolusionêre mensbekouing en die duidelike aanwysings van die gevare van so 'n konflik-antropologie groot waarde. In die algemeen is "Homo Dei" 'n goeie bydrae tot 'n Christelik-antropologiese besinning oor mensbeskouings. Die boekie word vir belangstellendes in hierdie studieveld aanbeveel.

JJvR

CALLAHAN, K 1993. *Twaalf sleutels tot 'n effektiewe gemeente.* Die beplannings-werkboek. Vertaling: JJ Louw en Malan Nel. Halfway House: Orion

Hierdie publikasie is op versoek deur die skrywer as 'n praktiese begeleidende handleiding geskryf, in opvolg van sy *Twelve Keys to an Effective Church*. Hoewel dit nie 'n vereiste is dat die boek besit moet word ten einde die handleiding te kan gebruik nie, word dit tog aanbeveel. Die handleiding is inderdaad uiters prakties gerig, met die klem op wat in die algemeen in gemeentebou as *situasie-analise* bekend staan. Statistiese gegewens van die gemeente funksioneer as vertrekpunt vir besinning oor die behoeftes in gemeentelike vernuwing. Benewens standaardvorms wat hiervoor in die handleiding beskikbaar is en voorbeelde wat gegee word om die invul van die vorms te vergemaklik, bevat die handleiding ook enkele belangrike wenke. Beplanners van gemeentelike vernuwing moet byvoorbeeld in gedagte hou dat dit beter is om doelwitte af te skaal en sodoende meer te bereik as om te veel doelwitte te hê en dan minder te bereik. Nog sleutelgedagtes is: "Werk slimmer, nie maar net harder nie" en "Beplan minder en bereik meer." 'n Situasie-analise wat die inligting uit hierdie handleiding as vertrekpunt vir gemeentelike vernuwing gebruik, behoort aan die beplanning vir vernuwing momentum te gee. Die handleiding kan waardevol wees in sommige gemeentelike situasies maar dit is nie 'n benadering wat vir alle kerkleiers funksioneel sal wees nie.

JJvR